



KERSFEESKUIER te NG DORINGKRUIN vir SENIOR BURGERS:
21 NOVEMBER 2026

NG Doringkruin nooi weer elke Senior Burger in ons Gemeente en KOSH omgewing uit na 'n oggend van Kersfeesmusiek en saamsing.

Wat: Kersfeeskuier te NG Doringkruin
H/v Boekenhout- en Knoppiesdoringstraat, Doringkruin

Wanneer: Saterdag, 21 November 2026

Tyd: 09:30 vir 10:00 tot 12:00

Toegang is gratis. (Bevestig asb)

Bywoning
Laat weet indien jy kan bywoon en hoeveel, om behoorlik te kan voorberei teen **nie later nie as Maandag, 2 November 2026.**
Kontak asb. vir **Carlien Mynhardt by (018) 468-5002** of stuur 'n e-pos na: kommunikasie@ngdoringkruin.co.za.

Vervoer
Indien jy 'n vervoerprobleem het, kan hulle reël dat jy opgelaa en weer terugbesorg word na die kuier.
Kontak asb vir Gert de Beer by 082 375 5556.

Kersgroete!
Henrietta Coetzee
Ouderling: Musiekbediening - NG Doringkruin



Tema: Hoe lyk die toekoms?

Ons het vanoggend 'n gesamentlike erediens waar die liturgie, musiek en formaat aangepas is om in alle lewensfases se behoeftes te voldoen. Daar is nie enige ander eredienste in die Ark nie.

Wanneer ons aan môre dink – of aan volgende week, of volgende maand of selfs volgende jaar, kry ons verskillende gevoelens. Ons is soms opgewonde, partykeer bang en meestal onseker oor 'n nuwe stuk tyd wat voorlê. Die toekoms het nog nie gebeur nie en daarom weet ons nog niks daarvan nie. Die Here leer ons uit Joshua hoekom ons nooit bang hoef te wees vir môre nie.

Sondag 25 Oktober 2026



DORINGKRONIEKE

VOEL DIE HARTKLOP VAN ONS GELOOFSGEMEENSAP

Verjaarsdae vir die week

Datum	Van	Naam	Selfoon
10/25	Bronkhorst	Linda	27827117022
	De Beer	Christiaan	
	Mostert	Christien	27827710551
10/26	Bezuidenhout	Malan	
	Liebenberg	Werner	27728342322
10/27	Koekemoer	Inge	
	Wall	Caitlynn	
10/28	Nieuwoudt	Ansa	27848000024
	Schoeman	MJ	
	Venter	Felicia	27620010604
10/29	Pretorius	Denise	27845555089
10/30	Botha	Petro	27847042000
	Jordaan	Juan	
10/31	Holtzhausen	Adrian	

Siekes tuis en in die hospitaal

Ria Hanekom,
Meisie van Lelyveld,
Magriet Swanepoel,
Marisa Engelbrecht,
Kotie Lourens,
Louis Kotzé,
Wikus Strauss

KONTAK MET LIDMATE

Uit die aard van Doringkruingemeente se grootte en die omvang van ons bediening, het ons 'n tyd gelede besluit om volledig oor te skakel na elektroniese wyse van offergawebydraes.

Alhoewel elke gemeenteblok 'n toegewese gemeenteleier het, doen ons nie tuis-kollektering van bydraes, of maandelikse besoeke nie. Ons poog om goeie kontak te bewerk per telefoon en WhatsApp-groepe om geleentheid te skep vir meelewing en goeie geestelike versorging van lidmate en gesinne.

Kontak asb jou blokleier indien daar enige probleme of behoefte is, sodat ons, na die beste van ons vermoë daaraan aandag kan gee. Indien daar op enige stadium 'n behoefte is aan 'n besoek van ons leraar, kontak ds. Marthinus van Staden direk per oproep of WhatsApp boodskap by 082 337 8734.

Meelewing:

Ons dink in ons gebede aan Dries Pretorius en familie na die afsterwe van Joey, afgelope Dinsdag. Joey is ook Leon en Willemien Pretorius se ma. Ons bid dat die Here julle met Sy liefde en troos sal dra deur hierdie hartseer tyd.

Vanoggend is dit Blok 09 se beurt om by die Tee en Koffie te help. Alles is gereed, kom sluit gerus voor of na die Erediens aan by die span.



Kontakbesonderhede

• Predikant:

Ds. Marthinus van Staden 082 337 8734
Epos: vanstadenjm@gmail.com

• Skriba, Fasiliteitsbestuurder en Administrasie:

Hanrie van Staden 083 463 2014, Epos: hanrievs@gmail.com

• Gemeentekantoor: Tel: 018 468 5545 Whatsapp nr. 073 957 7228

E-pos: nhkddoringkruin@telkomsa.net

Webwerf: www.nhkddoringkruin.co.za

• Kantoorure:

Maandag, Dinsdag, Donderdag en Vrydag - 8:00 tot 12:00

• Bankbesonderhede:

ABSA Tjekrek: NHK Doringkruin 950581190 (*Kaartmasjien beskikbaar*)

• Musiek en begeleiding: Susan Pretorius 083 406 0780





NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

Blitspos & Hervormer - artikels

Lees die artikels aanlyn.

“Gaan na www.nhka.org en kliek dan op Gesprek en dan BLITSPOS of HERVORMER”

Vir hulp, kontak Hanrie van Staden by 083 463 2014

Offergawe Bydra Maandeliks Gemiddeld

50 100 150 200 250 300 350 400

Aantal Gesinne in die gemeente

Aantal Gesinne
wat Bydra

← 49.87%

Baie dankie aan elke huishouding wat 'n bydra maak

Oktober 2026



Sondag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag
25 9:00 Gesamentlike erediens Hervormingsondag Kategorie afsluiting en sertifikate Koffie & Tee hulp: Blok 9 50% van Deurkollekte: Teologiese Opleidingsfonds	26	27	28 8:30 Bybelstudie	29 Gemeenteprojek: Manne-aand	30 ← ←	31

November 2026



Sondag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag
1 9:00 Erediens (Belydenisaflegging) 9:00 Laerskoolerediens Koffie & Tee hulp: Blok 17	2	3	4 8:30 Bybelstudie	5	6	7
8 9:00 Nagmaal 9:00 Laerskoolerediens Koffie & Tee hulp: Blok 10	9	10 Finansiële Komitee verg. en afsluiting	11 8:30 Bybelstudie	12	13	14
15 9:00 Erediens 9:00 Laerskool- en Tienerdiens Koffie & Tee hulp: Blok 16 50% van Deurkollekte: Bejaardesorg	16	17	18 8:30 Bybelstudie	19	20	21
22 9:00 Erediens 9:00 Laerskoolerediens Koffie & Tee hulp: Blok 11	23	24	25 8:30 Bybelstudie	26	27 10:00 Goue Jare byeenkoms	28
29 9:00 Erediens 9:00 Laerskoolerediens 10:00 Ewigheidsondag: Herdenking van geliefdes - Gedenkmuur Koffie & Tee hulp: Blok 15 18:00 Kersfeesviering	30					

WELKOM BESOEKERS en NUWE INTREKKERS!

Baie welkom by die Doringkruin-familie!
Ons hoop dat julle hier tuis voel. Meld asb aan by die gemeentekantoor vir inligting om by die gemeente in te skakel. Kontak die gemeentekantoor gerus ook deur die week met enige navrae, by 018 468 5545 of
WhatsApp 073 957 7228
of epos nhkdoringkruin@telkomsa.net



Doringkruin Jeugbediening

Jeugbedieningnuus:

- Daar is nie vanoggend enige jeugeredienste in die Ark nie - ons het 'n gesamentlike erediens
- Vanoggend is ons kategeese - afsluiting en sertifikate uitdeel na afloop van die erediens. Al die kinders en ouers bly in die kerk agter sodat ons sommer dadelik kan begin.
- Alhoewel ons kategeese vir die jaar afsluit, het ons steeds ons Laerskool- en Tienereeredienste in die Ark om 9 uur vir die res van die jaar soos op die gemeentekalender.
- Baie sterkte aan al ons kinders wat nou eksamen skryf. Ons bid vir julle en dink aan julle!

Ons hoop julle is tuis en gelukkig!

Gemeentekantoor-ure

Maandae, Dinsdae, Donderdae en Vrydae: 8:00 tot 12:00

Kontak die skriba, Hanrie van Staden by 083 463 2014, indien daar niemand in die kantoor is nie of vir enige administratiewe of fasiliteite-aangeleenthede.

Doelwit -(R360 000)- Tot nou

Gemeente Doringkruin Omheiningsprojek



Waaroor gaan die projek?

Ons wil die bestaande omheining en toegangshekke rondom die kerk vervang met 'n netjiese *Clearvu* omheining.

Hoekom is dit nodig?

Die huidige muur/palissade-omheining is al baie jare oud en verweer en die koste van herstel- en instandhoudingswerk word jaarliks 'n groter probleem. Met die toenemende misdaad in ons omgewing is dit nodig dat ons betyds aandag gee aan die veiligheid van ons perseel, geboue en gedenkmuur.

Hoe gaan ons dit bekostig?

Die Finansiële komitee en Gemeenteleiers het besluit dat ons die totale koste uit die gemeente se belegging gaan finansier om die hele omheining op een slag op te rig en dan oor die volgende tyd aan die belegging terugbetaal. Ons het in die verlede die kerkgebou se dak en die media-opgradering op dieselfde manier befonds.

Hoe kan ons bydra?

Ons wil baie graag geleentheid gee vir enige lidmate of individue of besighede om die projek in kleiner segmente van 1 meter te borg teen R1000. Die 5 motorhekke kan ook geborg word teen R4000 elk. As 'n blyk van ons waardering word die name van ons borge aan die einde van die projek op 'n skildplaat aangebring.

Kontakbesonderhede

Maak asb kontak met ons gemeentekantoor by 018 468 5545 of Whatsapp 073 957 7228 vir verdere inligting oor die besonderhede en vordering van die projek. Borge kan in die vorm van 'n kontantbydra of met 'n bankbetaling geskied na die volgende rekening: NHK Doringkruin, ABSA Tjekrekening 950581190, Verwysing: "Omheining en Van"

**Kom ons kyk hoe vinnig ons reg
rondom kan gaan!**

Hervormde Gemeente Doringkruin



WhatsApp Veiling



Ons hou weer 'n veiling gedurende Oktober/November

- Ons benodig items van goeie gehalte vir ons gemeente se Whatsapp Veiling.
- Indien jy 'n skenking van 'n veiling-item wil maak, kontak ons asseblief.

Die datum ('n Saterdag, tyd 10:00) en meer inligting sal later deurgegee word.

Dankie - items ontvang:

- Sony Musieksentrum (HiFi)
- Koffietafeltjies klein en groot
- Skilderye
- Oefenfiets ensomeer



Kontakbesonderhede:

- Gemeentekantoor:
018 468 5545
- Whatsapp na
073 957 7228
- Hanrie van Staden
083 463 2014

Wen 'n Vleis "Hamper"

Vir slegs R100 staan jy 'n kans om 'n vleishamper, 1x skaaplam, plus 5kg boerewors plus 5kg maaltvleis, (ter waarde van ±R4500.00) te wen.

Koop 5 lootjies - kry 1 gratis: koop 10 lootjies - kry 2 gratis, beskikbaar in die gemeentekantoor asook lootjielyste vir gemeentede wat kan help met verkope. Trekking is Donderdagaand tydens die manne-aand. Kontak Hanrie van Staden 083 463 2014

Manne-aand

Donderdag 29 Oktober 2026
om 18:00

By "Dufrato Saal" te NWK Terrein

Manne kuier saam met vriende om 'n tafel en Dr. André Duvenhage met die tema - 'Toekoms Voorskou'. Tafels @ R5 000 (maksimum 10 persone) of 'n stoel @ R500, sluit 'n braai-ete in. Kontantkroeg beskikbaar asook 'n veiling na die tyd.

Enige persoon wat belangstel in 'n tafel, kontak asseblief vir Otto Bruwer 082 801 8794 of Hanrie van Staden 083 463 2014
Skenkings en donasies sal baie waardeer word.
Ten bate van die Hervormde Kerk Doringkruin

